

**3 Desember**

**Skrifgedeelte: Jesaja 35-35**

**Fokusgedeelte: Jesaja 35**

### **God bring weer herstel**

Jesaja 35 bevat die laaste profetiese uitspraak voordat die eerste deel van die boek in hoofstuk 36-39 met 'n historiese gedeelte afsluit. Die eerste gedeelte van die boek bevat baie oordeelsuitsprake waarin die volk van God vermaan word om hulle te bekeer, anders gaan God se oordeel hulle tref. Hierdie oordeel was 'n werklikheid. Dit het die mense van die Noordelike Ryk besef toe die Assiriërs hulle verslaan en in ballingskap weggevoer het. Dit het in Jesaja se leeftyd gebeur. Meer as honderd jaar later het dieselfde lot die Suidelike Ryk getref. Juis daarom is dit so treffend dat die profesieë van Jesaja 1-39 nie met nog 'n oordeelsuitspraak afsluit nie, maar met 'n boodskap van verlossing. Hierdie gedeelte gaan daarvan uit dat die oordeel van die Here voltrek is en dat die Here weer in genade na sy volk gaan kom. Hy gaan hulle verlos en na Jerusalem terugbring. So gryp die stukkie vooruit na die verlossing wat in die tweede deel van Jesaja, van hoofstuk 40 af, verkondig sal word. As die volk in die doodloopstraat van die ballingskap beland het, is dit nie die einde nie. God kan weer verlossing gee – maar hulle moet hulle tot Hom bekeer. Al gaan dit met 'n mens baie sleg, het ons steeds hoop omdat ons weet dat God alles beheer. Juis daarom moet ons altyd aan Hom vasgryp en vir Hom lewe.

*Sing: Psalm 89:1,6                          Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)*